RiG Adviesdienste I info@rig.ac I 086 1221 777

Markte op Maandeinde

Markte en ekonomiese aanwysers

Indeks	1 Maand (% verander)	Jaar tot datum (% verander)	1 jaar (% verander)	3 jaar (% per jaar verander)
JSE Top40	1.4	9.0	9.0	13.4
JSE Mid cap	7.9	9.7	9.7	12.8
JSE Small cap	6.0	11.2	11.2	23.9
All Share Indeks (ALSI)	2.0	9.3	9.3	13.5
All Bond Indeks (ALBI)	1.4	9.7	9.7	7.4
Hulpbron Indeks	-1.3	-15.4	-15.4	6.0
Industriële Indeks	0.5	17.3	17.3	12.1
Finansiële Indeks	5.5	21.8	21.8	19.6
Gelyste Eiendom Indeks	9.9	10.1	10.1	14.9
S&P 500*	4.5	26.3	26.3	10.0
Dow Jones*	4.9	16.2	16.2	9.4
FTSE 100*	4.6	14.4	14.4	7.7
Hang Seng Indeks*	0.2	-8.4	-8.4	-11.8
Nikkei 225 Indeks*	4.8	19.1	19.1	-3.7

(Bron: Fundhouse) *Opbrengs uitgedruk in USD terme

Geldeenheid (Positief = Rand versterk)	1 Maand (% verander)	Jaar tot datum (% verander)	1 jaar (% verander)	3 jaar (% per jaar verander)
Rand/Dollar	3.0	-7.4	-7.4	-7.6
Rand/Euro	1.8	-10.6	-10.6	-4.0
Rand/GBP Pond	2.2	-13.1	-13.1	-5.2

(Bron: Fundhouse)

Rentekoerse	
Repokoers	8.25%
Primakoers	11.75%

(Bron: SARB)

Inflasiekoers (Desember 2023)	
Hooflyn inflasie (VPI)	5.5%
Produsenteprysindeks (PPI)	4.6%

(Bron: SARB)

Desember oorsig

Desember was ’n sterk maand vir die meeste bateklasse, met die Alle Aandele-indeks wat 2% gestyg het, die SA Alle Effekte-indeks met ’n noemenswaardige 1,43% en die genoteerde eiendomsektor met ’n indrukwekkende 9,9%. November se Verbruikersprysindeks (VPI)-lesing het ’n daling in wesensinflasie tot 5.5% op jaarbasis (5.9% in Oktober) getoon, wat die eerste inkrimping sedert Julie 2023 is, en hoofsaaklik toegeskryf word aan verlaagde brandstofpryse.

SA het in November 2023 ’n handelsoorskot van R21 miljard behaal, wat bo markverwagtinge van R5,3 miljard was. Die Rand het gedurende Desember met 3.5% teenoor die Dollar versterk, maar die jaar afgesluit met ’n verswakking van 7.48% vir die jaar. Transnet se stryd met sy hawe- en spoordienste het al hoe duideliker geword. Dit het Suid-Afrika se uitvoerprestasie gedemp het en die voorsiening van goedere in die plaaslike ekonomie ontwrig. SA Verbruikersvertroue-indeks het laag gebly, op -17 in Q4, af van -16 vanaf Q3. Dit is die laagste feesseisoen verbruikersvertroue lesing in meer as 20 jaar.

2023 was ’n jaar wat gekenmerk was met voortslepende beurtkrag – 335 dae om presies te wees. Dit is gelykstaande aan sowat 6 947 uur se beurtkrag in 2023. Die koste van beurtkrag word steeds deur burgers en besighede gevoel.

Die Amerikaanse Federale Oopmarkkomitee (FOMC) het die Federale Fondse se teikenrentekoers in ’n reeks van 5,25% tot 5,50% gehou, wat in lyn was met markverwagtinge. Die algemene konsensus is dat koerse ’n hoogtepunt bereik het, en die FOMC het 75 bps rentekoersverlagings in 2024 aangedui (3 x 25bps), 100bps verlagings in 2025 en 50bps verlagings in 2026.

Die VSA se indiensnemingsyfers het voorspellings oortref, met 216 000 poste wat gedurende Desember 2023 bygevoeg is. Gedurende 2023 het werkgewers 2,7 miljoen poste in die VSA bygevoeg. Die werkloosheidsyfer staan op 3,7%.

Japan het ekonomiese uitdagings in die gesig gestaar namate sy BBP gekrimp het. Moody's het in Desember sy kredietgraderingsvooruitsigte vir Chinese staatseffekte na 'negatief' van 'stabiel' verlaag. Hulle het beklemtoon dat die land se hoë skuldvlakke afwaartse risiko's vir die ekonomie inhou.

Vrywaring:
Die bogenoemde inligting is slegs vir inligtingsdoeleindes, en nie advies soos gedefinieerd in die Wet op Finansiële Advies- en Tussengangersdienste, 37 van 2002, nie. Alhoewel alle maatreëls geneem is in die voorbereiding van hierdie dokument, aanvaar RiG Adviesdienste (Pty) Ltd geen verantwoordelikheid vir enige optrede wat mag voortspruit uit hierdie dokument nie. Raadpleeg ons vir persoonlike advies gepas vir jou omstandighede. RiG Adviesdienste (Pty) Ltd is ‘n gemagtigde finansiëlediensteverskaffer (FSP nommer: 44730).

Wysheid vir ware welvaart | Wisdom for true wealth